



## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 10

NOVEMBER 2018



EKONOMIE V1  
NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

---

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- |       |      |  |              |
|-------|------|--|--------------|
| 1.1.1 | B ✓✓ | Onvoldoende  |              |
| 1.1.2 | D ✓✓ | Menseregte   |              |
| 1.1.3 | C ✓✓ | Buitelandse  |              |
| 1.1.4 | A ✓✓ | trog   |              |
| 1.1.5 | C ✓✓ | tegnologie   |              |
| 1.1.6 | B ✓✓ | Metallurgie  |              |
| 1.1.7 | B ✓✓ | Geboortes  |              |
| 1.1.8 | D ✓✓ | Die fase word deur megalasiasie en verstedeliking<br>gekenmerk | (8 x 2) (16) |

**1.2 PAS-ITEMS**

- |       |     |  |             |
|-------|-----|--|-------------|
| 1.2.1 | C ✓ | Gebruik patronen om te verduidelik wat in die verlede in<br>die ekonomiese gebeur het  |             |
| 1.2.2 | A ✓ | Die skep van bruikbaarhede wat menslike behoeftes kan<br>befredig  |             |
| 1.2.3 | D ✓ | 'n Groep mense wat saamby en saam ekonomiese<br>besluite neem  |             |
| 1.2.4 | G ✓ | Goedere wat ruilwaarde het en gekoop kan word  |             |
| 1.2.5 | B ✓ | Wanneer  mense van plek na plek trek vir kos, water en<br>weiding |             |
| 1.2.6 | E ✓ | Dit beheer handelstransaksies  |             |
| 1.2.7 | H ✓ | 'n Situasie waar lede van die arbeidsmag sonder werk<br>sit  |             |
| 1.2.8 | F ✓ | Sluit in moedelose werksoekers, studente, gestremde<br>mense, ens.   | (8 x 1) (8) |

**1.3 EENWOORD-ITEMS**

- |       |                               |             |
|-------|-------------------------------|-------------|
| 1.3.1 | Regerings ✓                   |             |
| 1.3.2 | Hulpbronne ✓                  |             |
| 1.3.3 | Infrastruktuur ✓              |             |
| 1.3.4 | Monetäre handel ✓             |             |
| 1.3.5 | Skoffelpikke of Graafstokke ✓ |             |
| 1.3.6 | Informele sektor ✓            | (6 x 1) (6) |

**TOTAAL AFDELING A:** **30**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 2.1.1 **Noem TWEE kategorieë van skaarsheid.**

- Absolute skaarsheid ✓
  - Relatiewe skaarsheid ✓
- (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoekom word daar na Ekonomie as 'n 'sosiale wetenskap' verwys?**

- Ekonomie is 'n sosiale wetenskap omdat dit op die ontleding van mense en hul gedrag fokus.✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord)
- (1 x 2) (2)

**2.2 DATARESPONS**

2.2.1 **Watter sektor het die meeste gedurende die laaste kwartaal (Kw4) van 2017 bygedra?**

- Primêre sektor ✓
- (1)

2.2.2 **Gee EEN voorbeeld van 'n tersiêre sektor besigheid of industrie.**

- Groothandelaars / kleinhandelaars ✓
  - Vervoer ✓
  - Bankwese ✓
- (Aanvaar enige toepaslike antwoord) (1)

2.2.3 **Watter verskil neem jy waar tussen die laaste kwartaal van 2016 en die laaste kwartaal van 2017 in die landbousektor?**

- In die laaste kwartaal van 2016 was die bydrae van die landbousektor -4,1% wat toon dat dit baie laag is, ✓ waar in die laaste kwartaal van 2017 was dit 37,5% wat toon dat dit baie hoog was. ✓
- (2)

2.2.4 **Verduidelik die begrip 'produksie'.**

- Produksie is die proses waardeur 'n entrepreneur beskikbare hulpbronne kombineer en dit omvorm in een of ander soort produk. ✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord)
- (2)

2.2.5 **Hoekom word die sekondêre nywerheid in die ekonomie benodig?**

- Dis nodig omdat dit 'n sektor is wat grondstowwe in finale produkte omskep. ✓✓
- Dienste gelewer om produkte beskikbaar te maak aan die verbruiker. ✓✓
- Die dienste-sektor is afhanklik van hierdie sektor. ✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

## 2.3 DATARESPONS

### 2.3.1 Wat stel bogenoemde diagram voor?

- Ekonomiese kringloop ✓ (1)

### 2.3.2 Identifiseer enige ekonomiese deelnemer in bostaande diagram.

- Huishoudings ✓
- Besighede ✓ (1)

### 2.3.3 Wat is die begrippe wat gebruik word om die beweging van goedere en dienste en die beweging van geld in bostaande diagram te beskryf?

- Reële vloei ✓ en geldvloei ✓ (2)

### 2.3.4 Verduidelik die begrip 'lekkasies'.

- Lekkasies is ontrekkings van geld uit die kringloop wat die hoeveelheid geld in die geldvloei verminder. ✓✓
- Lekkasies gebeur a.g.v. besparings, belasting of invoerbesteding. ✓ (2)

### 2.3.5 Hoekom is die rol van huishoudings so belangrik in bostaande diagram?

- Huishoudings is die primêre eienaars van die produksiefaktore. ✓✓
  - Hulle verkoop hul produksiefaktore aan die faktormark en verkry 'n inkomste. ✓✓
  - Hulle gebruik inkomste uit die faktormark om goedere en dienste te koop in die goederemark. ✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

## 2.4 Onderskei tussen 'makro-ekonomie' en 'mikro-ekonomie'.

- **Mikro-ekonomie** is die studie van individuele verbruikers, huishoudings, besighede en ander organisasies en hul besluite en reaksies. ✓✓
  - **Mikro-ekonomie** oorweeg die individu se vraag na 'n sekere produk teen 'n sekere prys, of hoe individue besluit wat om te koop en wanneer om dit te koop. ✓✓
  - **Makro-ekonomie** is die studie van die totale verbruik, produksie en ruil van individue, huishoudings en nywerhede in 'n land. ✓✓
  - Dit fokus op die ekonomiese gedrag van 'n gemeenskap. ✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2 x 4) (8)

**2.5 Hoe kan inspuitings die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel?**

- Inspuitings gebeur wanneer geld in die ekonomiese kringloop bygevoeg word. ✓✓
- Dit bestaan uit uitvoere, staatsbesteding en investering. ✓✓
- Investering sluit aankoop van kapitaalgoedere, toerusting en masjinerie, in en meer werksgeleenthede word geskep. ✓✓
- Verbetering in die lewenspeil van mense in die ekonomie. ✓✓
- Beide uitvoere en investering sal lei tot meer geld wat in SA invloei, of meer produksie in SA en SA sal daardeur bevoordeel word. ✓✓
- Uitvoere is wanneer goedere en dienste die land verlaat. ✓✓
- Betaling vir hierdie goedere en dienste vloeи in die land in en is 'n inspuiting in die ekonomiese kringloop. ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord.)

(4 x 2)

(8)

[40]



### VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

**3.1 3.1.1 Noem enige TWEE van die G8-lande.**

- VSA, ✓ Japan, ✓ Duitsland, ✓ Frankryk, ✓ VK, ✓ Italië, ✓ Rusland ✓ en Kanada ✓
- (Enige 2 x 1) (2)

**3.1.2 Hoekom verkies besighede massaproduksie eerder as ander produksiemetodes?**

- Tydens massaproduksie produseer besighede groot hoeveelhede van dieselfde produkte teen 'n baie lae eenheidskoste. ✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord)
- (1 x 2) (2)

**3.2 DATARESPONS**

**3.2.1 Identifiseer die jaar waarin die aangemelde sterftes besonder hoog was.**

- 2006 ✓
- (1)

**3.2.2 Wat is die hoofmetode wat gebruik word om 'n bevolking te tel?**

- Sensus ✓
- (1)

**3.2.3 Verduidelik die begrip 'demografiese siklus'.**

- Dit toon neigings van hoe 'n land se groeikoerse met tyd verander. ✓✓
  - As die lewenspeil van 'n bevolking toeneem, sal die natuurlike groeikoers gewoonlik afneem en omgekeerd. ✓✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.)
- (2)

**3.2.4 Bepaal die waarde van A.**

1,027,650 – 598,054

$$= 429,596 \quad \checkmark \checkmark$$

(2)

**3.2.5 Maak 'n gevolgtrekking oor enige tendens wat waargeneem kan word uit die natuurlike styging in die bevolking oor die tydperk van 1997 tot 2007.**

- Daar is 'n geleidelike daling in die natuurlike bevolkingsgroei oor die tien jaar, wat neerkom op ongeveer 200 000 per jaar. ✓✓
  - Hierdie afname is a.g.v. die hoër sterftekoers, alhoewel die geboortekoers eintlik gestyg het. ✓✓
- (4)

**3.3 DATARESPONS**

**3.3.1 Identifiseer die nywerheid wat die meeste inkome in hierdie land genereer.**

- Olienywerheid ✓
- (1)

**3.3.2 Volgens die uittreksel, watter sektor verskaf die meeste geleenthede vir indiensname?**

- Vervaardigingsektor ✓ (1)

**3.3.3 Verduidelik die begrip ‘verstedeliking’.**

- Is die beweging van mense van plattelandse gebiede na stedelike gebiede met die doel om werk te vind. ✓✓ (2)

**3.3.4 Wat word met die begrip ‘werkloosheid’ bedoel?**

- Werkloosheid is ’n situasie waar mense wil werk, kan werk en werk soek, maar hulle kry nie werk nie. ✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2)

**3.3.5 Hoekom is vakbonde gedurende die industriële omwenteling gestig?**

- Tydens die industriële omwenteling was werktoestande in fabrieke baie sleg gewees. ✓✓
- Gevolglik het vakbonde, wat organisasies is wat streef daarna om werkers se lone en werktoestande te verbeter, gestig. ✓✓
- Aan die begin van die 20<sup>ste</sup> eeu is die regte van werkers om hulself te organiseer en gesamentlik te beding, in meeste van die Westerse lande erken. ✓✓
- Vakbonde plaas ’n beperking op wat werkgewers kan doen aan hulle werkers, van hulle verwag en hulle moet betaal. ✓✓
- Sommige nywerhede het gelei onder stakings, maar vakbonde het gewen t.o.v. baie verbeteringe in werktoestande. ✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

**3.4 Bespreek die eienskappe van ’n gemengde ekonomie.**

- Meeste produksiefaktore is in private besit, maar die regering reguleer die ekonomie. ✓✓
- Regering verskaf ook welsynsdienste aan die armes, die ouer mense en die gestremdes. ✓✓
- Goedere en dienste word deur privaat individue en besighede geproduseer (privaatsektor)✓✓
- Die openbare sektore voorsien infrastruktuur en openbare dienste soos openbare skole, hospitale en noodsaaklike dienste. ✓✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 4 x 2) (8)

**3.5 Hoekom moet ’n volk aangemoedig word om te spaar?**

- Kapitaalvorming gaan oor besparing en hoe besparing omskep kan word in investering.✓✓
- Besparing begin ’n belangrike rol speel in die groei van ’n ekonomie.✓✓
- Investering en groei van ekonomiese hang af van die grootte van beskikbare besparings.✓✓
- Daar is baie bronne van besparings wat belangrik is vir ’n nasie, soos korporatiewe besparings ,✓ huishoudelike besparings✓ en buitelandse besparings.✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

[40]

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

### 4.1 4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van kapitaalgoedere.

- Gereedskap ✓
- Masjinerie ✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 2 x 1) (2)

### 4.1.2 Hoekom is die bevolkingsgroeikoers belangrik vir toekomstige regeringsbeplanning?

- Om te beplan vir voldoende infrastruktuur soos skole, hospitale, behuising en paaie. ✓✓
- Om te beplan vir voldoende hulpbronne soos voedsel, water en elektrisiteit. ✓✓
- Om te beplan vir werkgeleenthede in die nabye toekoms. ✓✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

## 4.2 DATARESPONS

### 4.2.1 Identifiseer die begrip wat goedere en dienste omskryf waaronder individue kan klaarkom.

- Begeertes ✓ (1)

### 4.2.2 Noem EEN belangrike vraag wat ekonome vra om 'n ekonomiese probleem te probeer oplos.

- Wat behoort geproduseer te word? ✓
- Hoe moet dit geproduseer word? ✓
- Vir wie moet dit geproduseer word? ✓ (Enige 1 x 1) (1)

### 4.2.3 Verduidelik die begrip 'positiewe stelling'.

- Positiewe stelling is 'n objektiewe feit of aankondiging. ✓✓
- Positiewe stelling hou verband met wat was in die verlede, wat vandag is en wat sal in die toekoms wees. ✓✓
- Jy kan positiewe stellings toets. ✓✓
- Dit is of reg of verkeerd bv. 'die gras is pers' is onwaar, maar dit is steeds 'n positiewe stelling. ✓✓
- Dit is omdat dit nie woorde insluit soos 'moet' of 'behoort' nie. ✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2)

### 4.2.4 Verduidelik die begrip 'geleentheidskoste'.

- Geleentheidskoste verwys na die waarde van die volgende beste alternatief van dit wat opgegee of opgeoffer is. ✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2)

**4.2.5 Hoekom moet mense keuses maak?**

- Mense moet keuses maak a.g.v. die tekort aan hulpbronne om hulle behoeftes en begeertes te bevredig. ✓✓
  - A.g.v. die skaarsheidsprobleem. ✓✓
  - Want hulpbronne is nie altyd genoeg om aan al die behoeftes van huishoudings te voorsien nie en daarom moet hulle kies om sommige behoeftes te bevredig en ander nie. ✓✓
- (Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

**4.3 DATARESPONS****4.3.1 Noem EEN voorbeeld van mense wat ekonomies onaktief is.**

- Kinders jonger as 16 jaar. ✓
  - Ouer mense / afgetrede mense. ✓
  - Tuisteskeppers / huisvrouens. ✓
- (Enige 1 x 1) (1)

**4.3.2 Wat stel die ‘bevolking van 15–64 jaar’ voor?**

- Dit verteenwoordig die ouderdom van die werkende bevolking (Ekonomies bedrywige bevolking – EBB) ✓✓
- (1)

**4.3.3 Verduidelik die begrip ‘arbeidsmag deelnamekoers’.**

- Die arbeidsmag deelnamekoers is die persentasie van die EBB wat deel van die arbeidsmag is. ✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2)

**4.3.4 Wat verstaan jy onder die begrip ‘nie-vrywillige migrasie’?**

- Wanneer mense gedwing word om te trek a.g.v. natuurlike rampe soos oorstromings of aardbewings. ✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike antwoord.) (2)

**4.3.5 Bereken die werkloosheidskoers vir die 1ste kwartaal van 2017.**

$$\frac{\text{Werkloses}}{\text{Arbeidsmag}} \times 100 \checkmark$$

$$= \frac{3\,165 \times 100 \checkmark}{12\,195}$$

$$= 26 \checkmark \checkmark \quad (4)$$

#### 4.4 Bespreek die vier produksiefaktore.

##### **Grond** (natuurlike hulpbronne) ✓

- Dit is al die hulpbronne wat in die natuur voorkom en word somtyds die gawes van die natuur genoem. ✓✓

##### **Arbeid** ✓

- Verwys na al die geestelike en fisiese inspanning wat gebruik word in die produksieproses. ✓✓
- Dit is al die aktiwiteite wat mense verrig ten einde geld te maak en 'n inkomste te verdien in die vorm van lone en salarisse. ✓✓

##### **Kapitaal** ✓

- Verwys na die finansiële en kapitaalgoedere wat gebruik word om ander goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Kapitaalgoedere bestaan uit mensgemaakte hulpbronne soos geboue, masjinerie en voertuie. ✓✓
- Finansiële kapitaal bestaan uit geld wat gebruik word om kapitaalgoedere mee te koop. ✓✓

##### **Entrepreneurskap** ✓

- Verwys na die talent om 'n volhoubare besigheid te begin deur ander produksiefaktore saam te voeg. ✓✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

#### 4.5 Hoekom is die lae stilstaande fase belangrik in die demografiese siklus?

##### **Die lae stilstaande fase**

- Die fase word gekenmerk deur 'n daling in, of 'n lae geboortekoers en 'n lae sterftekoers, met 'n bevolking wat geleidelik verouder. ✓✓
- Die totale bevolkingsgrootte neem af omdat gesinsbeplanning oor die algemeen deur die meeste gesinne aanvaar word. ✓✓
- Mense besef dat hulle hul lewenspeil beduidend kan verhoog indien hulle minder kinders sou hê. ✓✓
- Sterftekoers neem af soos meer mense toegang het tot bekostigbare mediese sorg. ✓✓
- Die ekonomie skuif van vervaardiging na dienste. ✓✓
- Die mees tegnologies gevorderde lande is hierdie fase, bv. die VSA. ✓✓  
(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)  
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die volgende twee vrae in hierdie afdeling.

<b>STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL</b>	<b>PUNTE-TOEKENNING</b>
<b>Inleiding</b> Die inleiding is 'n laer-orde antwoord: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Goeie beginpunt sal wees om 'n begrip te definieer wat in die vraag verskyn.</li> <li>• Moet nie enige gedeelte van die vraag insluit in die inleiding nie</li> <li>• Moet nie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud herhaal nie</li> <li>• Vermy om in die inleiding te sê wat in die inhoud bespreek gaan word</li> </ul>	Maks. 2
<b>Inhoud:</b> <b>Hoofgedeelte:</b> Bespreek in in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer  <b>Addisionele gedeelte:</b> Eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Kritiese evaluasie/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortlik/Toe?/Stel voor	Maks. 26
	Maks. 10
<b>Slot</b> Enige toepaslike hoër-orde slot wat die volgende insluit: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Kort opsomming van wat bespreek of ontleed is, sonder om die feite wat reeds in die inhoud genoem is, te herhaal.</li> <li>• 'n Opinie of waarde-oordeel oor bespreekte feite.</li> <li>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / ontleding te staaf.</li> <li>• 'n Teenoorgestelde sienswyse met motivering, indien so vereis.</li> <li>• Aanbevelings</li> </ul>	Maks. 2
<b>TOTAAL:</b>	<b>40</b>

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE****Bespreek kortlik die fases van die sakesiklus.**

(26)

**INLEIDING**

Sakesiklus verwys na op- en af-swaaie van ekonomiese aktiwiteit in 'n ekonomie. ✓✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike inleiding) (Maks. 2)

**INHOUD****HOOFGEDEELE****1. PERIODE VAN RESESSIE ✓**

- Gedurende 'n resessie neem werkloosheid toe a.g.v. die feit dat besighede mense moet afdank. ✓✓
- Daar is 'n afname in ekonomiese aktiwiteit en die ekonomie neem af. ✓✓
- Verbruiksbesteding neem af veral op duursame goedere. ✓✓

**2. PERIODE VAN DEPRESSIE✓**

- Gedurende depressie word geld ondervoorsien wat lei tot verdere daling in besteding. ✓✓
- Daar is 'n negatiewe impak op investering. ✓✓
- Wanneer ekonomiese aktiwiteit op sy laagste is, word 'n trog bereik. ✓✓
- Daar is mededinging vir werksgeleenthede en die produksiekoste daal. ✓✓
- Dit moedig buitelandse handel aan en leid tot 'n herstel. ✓✓

**3. PERIODE VAN HERSTEL ✓**

- Gedurende die herstel, verhoog produksie en meer werksgeleenthede word geskep. ✓✓
- Verbruikers begin weer duursame goedere koop. ✓✓
- Sake-vertroue styg en daar is verhoogde besteding deur besighede. ✓✓
- Daar is stygende ekonomiese aktiwiteit en die land tree toe tot 'n periode van voorspoed. ✓✓

**4. PERIODE VAN UITBREIDING/VOORSPOED ✓**

- Gedurende die voorspoedfase is daar 'n mate van optimisme. ✓✓
- Vlakte van indiensname styg, salarisne en lone styg en besteding neem toe. ✓✓
- 'n Piek word bereik. ✓✓
- 'n Groter bedrag geld is in sirkulasie en dit lei tot 'n inflasionêre situasie. ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord)

(Maks. 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Verduidelik hoe endogene (Keynesiaanse) faktore ekonomiese fluktusie beïnvloed.**

- Dit is faktore wat deel van die ekonomiese stelsel is. ✓✓
- Die uitbreidingsfase bevat meganisme wat uiteindelik 'n sametrekking van ekonomiese aktiwiteit veroorsaak. ✓✓
- As die vlak van ekonomiese aktiwiteit toeneem, sal totale besteding in die ekonomie ook toeneem. ✓✓
- Dit veroorsaak 'n toename in invoere wat negatiewe uitwerkings het op die betalingsbalans en lei tot 'n depresiasi van die wisselkoers.✓✓
- Verhoogde lenings lei tot 'n styging in rentekoerse (negatiewe uitwerking op die ekonomie).✓✓
- Positiewe persepsies van die ekonomie, lei tot 'n styging in besteding en omgekeerd.✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord)

(Maks. 10)

**SLOT**

Fluktusies in sakesiklusse behoort bestuur te word sodat dit die land se ekonomie positief kan beïnvloed.✓✓ (Aanvaar enige toepaslike slot)

(Maks.2) [40]



## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- Bespreek, in detail, die hooffaktore wat die groei en samestelling van Suid-Afrika se arbeidsmag beïnvloed. (26)

### INLEIDING

Die arbeidsmag bestaan uit al die mense wat in 'n gebied of land kan werk of al die mense wat vir 'n spesifieke maatskappy werk. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike inleiding) (Maks. 2)

### INHOUD

#### HOOFGEDEELTE:

##### Ouderdom-samestelling ✓

- Die ouerdom-samestelling van 'n land kan gebruik word om die toekomstige arbeidsmag te voorspel ✓✓ en die toekomstige bevolkingsgroei, wat nodig is, te bepaal. ✓✓
- Lande met 'n hoë geboortekoers het 'n groter persentasie jong mense. ✓✓
- Dit is die geval in Suid-Afrika, waar omtrent 31% van die bevolking jonger is as 15 en ongeveer 7,6% is ouer as 60. ✓✓
- Dit sal ernstige probleme in die arbeidsmark veroorsaak, omdat dit nie lank sal wees voordat hierdie jeugdiges begin werk soek nie. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse arbeidsmag word gedomineer deur die swart bevolking. ✓✓

##### Lede van die arbeidsmag ✓



- Die ekonomies aktiewe bevolking bestaan uit mense tussen die ouerdomme van 15 en 64 jaar, wat werk vir 'n inkomte of tot voordeel van hul gesinne of beskikbaar is vir sodanige werk. ✓✓
- Om aktief te wees in die ekonomie, beteken om goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Nie almal in 'n bevolking neem deel aan ekonomiese aktiwiteite nie – nie elke lid van die bevolking produseer goedere en dienste nie. ✓✓

##### Indiensneming en werkloosheid ✓

- Die kwessie van werkloosheid is steeds een van die grootste uitdagings in die land. ✓✓
- Minder werkers word in die formele sektor in diens geneem. ✓✓
- Alhoewel informele werkgeleenthede besig is om toe te neem, bestaan hierdie werke meestal uit bestaansaktiwiteite. ✓✓
- Suid-Afrika het stygende hoë werkloosheid wat tans geskat word op bykans 36%, wat wissel van byna nul vir hoogs geskoole tot onder 50% vir ongeskoole en semi-geskoolde werkers. ✓✓
- Werkloosheid onder die jeug gaan voort om 'n oorweldigende eienskap te wees van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark. ✓✓
- Meeste werklose jeug is swart, met meer as drie miljoen in die 15 tot 34 jaar ouderdomsgroep in vergelyking met ander groepe. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse ekonomie moet ongeveer 250 000 nuwe werkgeleenthede per jaar skep om te verseker dat die werkloosheidskoers nie toeneem nie. ✓✓

**Geografiese verspreiding ✓**

- Die bevolking van Suid-Afrika is gekonsentreerd in stedelike gebiede soos Gauteng, Durban-Pinetown, Kaapstad, Port Elizabeth Uitenhage, Oos-Londen en Bloemfontein. ✓✓ Die grootste drie stede is Johannesburg, Durban en Kaapstad. ✓
- Migrasie tussen nywerhede sluit in industrialisasie en verstedeliking. ✓✓
- Wanneer stedelike gebiede uitbrei, neem werkgeleenthede toe en meer migrante word na stede gelok. ✓✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Maks. 26)

**ADDITIONELE GEDEELTE****Hoe word surplus-produksie, handel en ontwikkeling van vervoer aangewend in die evolusie van markte.**

- Met tyd het landbou meer produktief geraak deur die uitvinding van oes- rotasie, besproeiing, stoor van voedsel, gebruik van vee en groei van plante. ✓✓
- Die verhoogde produktiwiteit, tesame met die verfyning van gereedskap, het surpluses geskep. ✓✓
- Hierdie surpluses laat toe dat nie-landbou aktiwiteite ontwikkel soos vervaardiging en handel. ✓✓
- Boere verhoog produktiwiteit en laat die gemeenskappe en nedersettings toe om uit te brei. ✓✓
- Die landbou-surpluses en vervaardigde items het die begin van werklike handel met ander gemeenskappe en selfs met ander dele van die wêreld, tot stand gebring. ✓✓
- Eksterne handel konsentreer hoofsaaklik op primêre produkte. ✓✓
- Terselfdertyd wat handel begin het, is 'n vervoerinfrastruktur ontwikkel wat die handel ondersteun het. ✓✓
- Skepe wat op die oseane vaar, het lang-afstand handel moontlik gemaak en ook spesialiteitsgoedere beskikbaar gemaak aan gemeenskappe. ✓✓
- Die uitbreiding van plaaslike en internasionale handel lei tot die ontstaan van handelaars wat hulle rykdom verdien het deur die fasilitering van handel. ✓✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Maks. 10)

**SLOT**

- Bemarking het oor die eeue, dekades en jare verander. Die evolusie van bemarking het geleid tot die begrip van sake-ontwikkeling. ✓✓  
(Aanvaar enige ander toepaslike slot) (Maks. 2)

[40]

**TOTAAL AFDELING C:** 40  
**GROOTTOTAAL:** 150